Huidige Stadium Van My Bediening

. . . herlewing, was baie moeg en gedaan. En ons het baie gemeenskap langs die pad gehad, wonderlike dienste, met die groet van Christene van plek tot plek, van op en af met die Ooskus, en ook op met die Weskus in Kanada in. En met goeie samewerking onder die verskillende denominasionele kerke, van die Gemeentes van God, en die Verenigde Pinkster, Kerk van God, Vierkant, en baie van die ander organisasies wat saamgewerk het, groot dienste gehad. 'n Groot sukses, sover dit vandag 'n sukses genoem kan word, en miskien sal baie dit dalk "groot" noem. Maar, ekself, ek's 'n—'n—'n herlewingsprediker. En die herlewing, nasionaal gesproke, is omtrent verby. En ons is . . . ek hou daarvan om 'n herlewing te sien waar harte brandende is, nie getalle byvoeg nie, maar herlewing. Ons Here het baie wonderwerke gedoen van genesing van die mense, en, natuurlik, is baie gered. En nou is ek tuis, rus vir 'n tydjie, en gaan terug na die diens binne 'n paar weke, as die Here wil.

2 En nou hierdie is aan die baie mense en vriende van my om die wêreld. Ek wil graag vanaand sê, hier in die tabernakel, as julle, enige van julle teenwoordig was, en kon sien, hulle is baie warm in die tabernakel vanaand. Mense is ingedruk en oral rond, staan in deure, en buitekant in die motors en dinge, en dis baie warm, en dit sou moeilik wees vir die mense en vir myself ook.

3 Maar ek het hierdie punt bereik waar ek wil verduidelik watter stadium van die tyd ons in woon volgens die bediening wat die Here my gegee het. En ek wou dit opneem vanaf die tabernakel. Dit het op my hart gekom verlede lente, maar ek het gewag totdat ek hier teruggekom het sodat ek 'n—'n opname daarvan kon kry, om dit aan julle mense van die wêreld te stuur.

4 Dit was omtrent twee-en-dertig jaar gelede, dat toe die Here Jesus, binne 'n honderd-en-vyftig jaarts van hier waar ek nou staan, hier in Jeffersonville by Agtste— en Pennstraat, die oggend toe ek die hoeksteen op hierdie tabernakel gelê het, wat toe net 'n moeras was. En ek het net oorkant die pad aan my linkerkant hier gewoon. Dit was net voor ek getroud is. Ek het by my pa en ma gewoon. Dat die Here Jesus my daardie oggend wakker gemaak het, wat die hoeksteek gelê moes word, omtrent vroeg, omtrent sesuur. En ek het in die bed gelê vir 'n hele tyd, met my hart vol vreugde, gedink aan hierdie groot tyd wat die Here God vir my 'n tabernakel sou gee om in te preek. Ek was net 'n jong seun toe. En daardie dag het ek . . . die meisie waarmee ek uitgegaan het,

wat spoedig my vrou sou wees die volgende jaar, sou saam met ons wees die dag toe ons die hoeksteen sou lê.

5 En ek onthou daardie oggend toe ek wakker geword het, en gelê het in die kamer, die boonste verdieping net hier op Sewende Straat. Iets het gesê: "Staan op jou voete." En ek het opgestaan. En ek het gesien, as't ware, 'n groot plek, en Dit was soos 'n—'n —'n plek waar daar 'n rivier in die vallei geloop het. En ek het daar afgegaan na die rivier en ek het verstaan dit was 'n plek waar Johannes die Doper die mense gedoop het, en hulle het dit in 'n varkhok verander. En ek was baie krities daaroor, net gesê dat dit nie gedoen behoort te word nie.

6 En terwyl ek daar was, was daar 'n—'n Stem wat met my gepraat het en my opgeneem het, en ek het die tabernakel opgelet in net omtrent die toestand waarin dit net nou is. En daar was soveel mense, totdat hulle net ingedruk was in die tabernakel, in hierdie toestand, omtrent in die toestand waarin dit nou is. En ek—ek was bly, agter die preekstoel gestaan, gesê: "God, hoe goed is U om vir my 'n tabernakel te gee."

7 En, op daardie tydstip, het die Engel van die Here met my gepraat, en gesê: "Maar hierdie is nie jou tabernakel nie."

En ek het gesê: "Dan, Here, waar is my tabernakel?"

8 En Hy het my weer in die Gees opgeneem, en my in 'n boord neergesit. En ver in die boord af was net rye bome wat net gelyk gestaan het, omtrent twintig voet hoog, of dertig. En hulle het gelyk soos vrugtebome, en hulle was in yslike groot groen emmers.

9 En toe het ek opgelet aan my regterkant en aan my linkerkant, was daar 'n leë emmer aan elke kant, en ek het gesê: "Wat van hierdie?"

10 En Hy het gesê: "Jy moet in hulle plant." So ek het 'n tak van die boom afgebreek aan my regterkant en dit geplaas in 'n emmer aan die regterkant, en 'n tak van die linkerkant en dit in 'n emmer aan die linkerkant geplaas. Vinnig het hulle die heelpad in die lug opgegroei.

11 En Hy het gesê: "Hou jou hande uit en maak die vrugte daarvan bymekaar." En in een hand het 'n groot, geel appel geval, sag en ryp. En in die ander hand het 'n groot, geel pruim geval, sag en ryp. En gesê: "Eet die vrug daarvan, want dit is aangenaam." En ek het geëet van een en van die ander, baie lekker. Julle ken die visioen, dis in een van die boeke geskryf, ek dink, *Lewensverhaal* of *Profeet Besoek Afrika*.

12 En net toe het ek my hande opgehou, en het die glorie van God uitgeskree. En meteens, het daardie Vuurkolom afgekom oor die top van daardie bome, en die donder en die weerligte het geflits, en die winde het baie hard gewaai, en die blare het van die bome begin afwaai. En ek het ver afgekyk, hier het die vorm

van hierdie tabernakel gestaan, die manier wat dit nou staan. En aan die punt waar die preekstoel sou wees, was daar drie bome, en daardie drie bome het die vorm van drie kruise aangeneem. En ek het opgelet dat beide pruime en appels was saam in 'n trosse om die middelkruis. En ek het baie vinnig gehardloop, geskree so hard as ek kon, en op hierdie kruis neergeval, of langs die kruis, en my arms om dit gegooi. En die winde het begin skud, en die—die vrugte van die kruis af, en dit het oral oor my geval. En ek was so bly, net gejuig. En Dit het gesê: "Eet die vrugte daarvan, want dis aangenaam."

13 En toe het hierdie sirkel van Vuur uitgeroep, gesê: "Die oes is ryp, en die arbeiders is min." En Hy het gesê: "Nou, wanneer jy weer bykom, of hier uitkom, lees II Timothéüs 4. II Timothéüs 4." En toe het ek bygekom. En ek het daar gestaan en my gesig gevryf en my hande. En net toe, in die hoek van die kamer, son wat hoog geskyn het, toe moes ek onder die visioen gewees het vir 'n uur of meer, en Dit het gesê: "II Timothéüs 4." En ek het vinnig my Bybel gekry en II Timothéüs 4 gelees.

14 Nou, ek wil dit graag nou lees. En so vreemd soos dit mag wees, soos ek hierdie II Timothéüs 4 gelees het, die plek wat ek gestop het, en baiekeer dat ek gepreek het daaroor hier in hierdie Tabernakel, is dit vreemd dat ek altyd daarby gestop het. Nou in II Timothéüs 4, die eerste vyf verse. Wat, *vyf* is die getal van "genade." Ek het dit gelees.

> *Ek besweer jou . . . voor God en die Here Jesus Christus, wat die lewende en die dooie sal veroordeel by sy verskyning en sy koninkryk:*
>
> *verkondig die woord; hou aan tydig en ontydig; weerlê, bestraf, vermaan in alle lankmoedigheid en lering;*
>
> *want daar sal 'n tyd wees wanneer hulle die gesonde leer nie sal verdra nie, maar, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel volgens hulle eie begeerlikhede,*
>
> *en die oor sal afkeur van die waarheid en hulle sal wend tot fabels.*
>
> *Maar wees jy in alles nugter; ly verdrukking; doen die werk van 'n evangelis,* en *vervul jou bediening.*

15 Het julle ooit opgelet, en ek het dit nooit opgelet tot hierdie verlede Mei nie, ek het nooit meer van daardie Skrif gelees tot daar nie? Dis al wat ek ooit daarvan gelees het, want dit het gelyk asof dit—dit genoeg sou wees, want dit het het vir my gesê om die Woord te preek, en om verdrukking te ly, en om lankmoedig te wees, want die tyd sal aanbreek wanneer hulle die gesonde Leer nie sou verdra nie, maar menigte leraars sal versamel, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, en afgekeer sou word van die Waarheid tot fabels. Maar, nou, Hy het nooit gesê ek was

'n evangelis nie. Hy het gesê: "Doen die werk van 'n evangelis." Paulus wat vir Timothéüs sê, sien. Het julle opgelet hoe dit sê? Hy het nie gesê: "Nou, jy is geroep om 'n evangelis te wees," nie. Dit het gesê: "Doen die werk van 'n evangelis." Sien? Nou, ons let dan op daar. Nou, as ek sou sê met my hele hart en die beste van my kennis, is daardie vervul tot die letter. Net presies. En dis dertig jaar gelede.

16 En sover ek weet, dat elke visioen wat Hy my ooit gegee het, vervul is, behalwe die een dat ek 'n verandering in my bediening is, na waar ek moet bid vir mense in 'n klein plekkie soos 'n klein kamertjie onder 'n tent of 'n groot ouditorium of iets. Dit het gelyk, vir my, na 'n tent. Julle onthou dit, twee of drie jaar gelede? Omtrent alles daarvan het gebeur. Ek moes afgaan in Mexiko, en hoe dit sou reën daardie aand en wat daaronder sou gebeur. Hy het vir my my bediening van die eerste trek vertel. Onthou van die vang van die baie klein vissie, of om dit te verloor? Tweede een was 'n klein vis. Maar toe het Hy vir my gesê: "Op die derde trek, moenie faal nie. Sien? En moenie die mense vertel nie." Ek probeer altyd verduidelik wat ek probeer doen. Hy laat my weet om nie die mense te sê wat jy doen nie. Doen net wat Hy vir my sê om te doen en laat dit alleen. Sien?

17 Maar ek's daardie persoon, ek het geen geheime nie, so ek sê net alles waarvan ek weet. So, daardie, dis net die soort, reken ek. Maar daardie, ek probeer . . . Ek hou van mense, en ek wil so graag hê mense moet gered word, dat ek hulle alles probeer vertel wat ek weet, behalwe as dit iets is wat Hy vir my gesê het om nie te sê nie, natuurlik, sodat hulle dit nie sal mis nie. Sien? Ek wil hê hulle moet dit so goed sien dat daar geen fout daarin sal wees nie.

18 Nou, dit het net presies gebeur. Nou onthou, die opdrag was, as ons dit vir 'n oomblik sal bestudeer: "Ek besweer jou voor God, en die Here Jesus Christus, Wie die lewende en die dooie sal veroordeel by Sy verskyning in Sy koninkryk." Sien? "Oordeel . . . Besweer jou voor God, en Christus, dat jy—dat jy die Woord preek." En so help my, tot vanaand, sover ek enige kennis het, het ek niks gepreek behalwe die Woord nie, sien, en reg Daarby gebly. Dit was baie probleme, en ek het deur baie verdrukkinge en baie beproewinge gegaan, moes skei van baie kosbare vriende as gevolg van daardie einste stelling: "Preek die Woord." En ek—ek het.

19 Julle onthou in die visioen, of die klein wegvoering soos ek dit noem, onlangs, waar ek opgeneem is en daardie mense gesien het en teruggekyk het na myself en al daardie miljoene daar. En ek het gesê: "Ek wil vir Jesus sien."

En Hy het gesê: "Hy's hoër."

20 Wel, sien, wanneer mense sterf, gaan hulle—hulle nie dadelik op saam met God nie. Nou, julle, ek is seker julle sal dit verstaan.

Miskien behoort ek dit te verduidelik die beste wat ek kan. Is julle dan haastig? Laat ons dan ons tyd neem en-en-en dit net so duidelik maak soos ek kan.

21 Nou, wanneer ons aankom, ons onthou dat ons hier in drie dimensies lewe. En ek weet nie of ek hulle kan opnoem of nie. Een van hulle is lig, en die ander is materie. Tommy, jy onthou wat die derde een is, huh? Atoom, tyd. Reg. Nou, lig, materie, en tyd. En ons vyf sintuie kontak daardie dimensies. Ons sig kontak lig. Ons gevoel kontak materie, ensovoorts.

22 Nou, maar ons het kontak deur wetenskap, die vierde dimensie, as't ware. Want wat regdeur hierdie gebou nou kom is prentjies, stemme van radio, prentjies van televisie, wat ons sintuie hulle nie kontak nie, maar tog het hulle 'n—'n buis of 'n kristal wat daardie etergolwe optel en hulle manifesteer. So, julle sien, reg in hierdie gebou nou is lewende aksies van mense, in die lug, lewende stemme. Hulle is hier. Ons weet dit. Hulle is absoluut die waarheid. En die enigste ding wat jy doen, hulle—hulle vang dit op. . . ek verstaan nie die meganika van—van daardie dinge wat wetenskap uitgevind het nie, maar ons weet dat dit aan ons bewys daar is 'n vierde dimensie.

23 Nou, die vyfde dimensie is waar die sondaar, die ongelowige sterf en na toe gaan. Die vyfde dimensie is soort van, wel, die verskriklike dimensie. Nou hierdie man. . .

En wanneer 'n Christen sterf, gaan hy in die sesde dimensie in.

En God is in die sewende dimensie.

24 Nou dan, julle sien, die Christen wanneer hy sterf, gaan hy onder die altaar van God in, reg in die Teenwoordigheid van God, onder die altaar. En hy rus.

25 Om dit uiteen te sit. Wanneer 'n mens 'n nagmerrie het, slaap hy nie heeltemal nie, ook is hy nie wakker nie. Hy's tussen slaap en wakker, en dis wat hom 'n vreeslike bewerasie en skree gee, want hy slaap nie, hy's nie wakker nie. En om dit te neem, wys waarnatoe 'n man gaan wanneer hy onbekeerd sterf. Hy't sy tyd opgelewe, hy's dood op die aarde; en hy kan nie in die Teenwoordigheid van God gaan nie, want hy's nie geskik om daarheen te gaan sonder die Bloed nie. En hy's gevang. En hy kan nie terugkom aarde toe nie, want sy tyd is klaar hier op aarde, en hy's tussenin gevang, en hy's in 'n nagmerrie. Sien? Hy kan nie in die Teenwoordigheid van God ingaan, om te rus nie. En hy kan nie terug, kom na die aarde toe nie, want sy tyd is verby. Hy's in 'n nagmerrie, en daar bly hy tot die dag van die oordeel. 'n Verskriklike ding om in te wees, sien.

26 En nou in hierdie visioen, ek glo ek was opgeneem na daardie sesde dimensie, teruggekyk hieronder en kon terugkyk. Sien, die sig is nie presies met die oë wat aards is nie. Maar sig is 'n groter

ding as wat. . . Die sig wat hulle daar het, hulle kontak is ver bo enige kontak wat ons natuurlike sintuie sou kontak.

27 Hier 'n tyd gelede het ek dit verduidelik. Ek het gekyk na 'n televisieprent waar hulle 'n man laat afgaan het, ek dink twee myl of 'n myl diep in die see, en hulle het straalligte gehad wat uitgegaan het. Hulle het marinelewe gewys. En daar het vis verbygekom, daardie skepsels wat verskriklik lyk. Daardie, dis middernag, inkswart daaronder. En hulle het fosfor op hulle neus gehad, en hulle het geen oë gehad nie. Nou, hulle moet gevoed word, so, dit het gelyk asof, om hulle kos te kry, word hulle gelei deur 'n ander sintuig; nie sig nie, want hulle het nie oë gehad nie, kon hulle nie daaronder gebruik nie. Maar hulle word gelei deur 'n ander sintuig waardeur hulle hulle voedsel kon kontak. En ek het gedink: "As ek beheer kon hê oor daardie vissie met my sig, hoeveel groter kon ek sy voedsel voorsien en hom na plekke lei, hoeveel groter is my sig as sy radar wat hy kontak." Sien? En ek het gedink: "As ek hom net kon lei!"

28 Toe het dit by my gekom: "As ek net myself aan God kan oorgee, hoeveel groter is die sig en sintuie van God, Wie ons baie beter kan lei as die dinge wat ons sien, want die geloof wat Hy aan ons voorsien, is die bewys van dié dinge wat nie met ons oë gesien kan word nie." Dan as daardie klein vissie nooit kan opkom na die bokant van die water soos ander vis nie, omdat hy drukvas gemaak is. Bring jy hom op, sal hy ontplof. Net so min as wat ons kan opgaan, en nie ontplof nie. Ons is drukvas gemaak vir die—die plek waarin ons woon.

29 Maar nou as daardie klein vissie ooit kon boontoe kom en ek wees, sou hy ooit weer daardie klein vissie onder in daardie middernagduisternis wou wees? Hy sou nooit weer 'n vis wou wees nie, want hy is iets groter as 'n vis, hy is 'n mens; sy sintuie is groter, sy begrip is groter, sy intelligensie is die hoogste. Vermenigvuldig daardie met tienmiljoen, dan kry jy wat dit is wanneer jy oorgaan uit hierdie na die Teenwoordigheid van God oorkant, waar die menslike wese soveel verder is as wat ons hier is. Jy sal nooit weer 'n menslike wese soos hierdie wil wees, onder in hierdie peshuis van siekte en verganklikheid nie. Dit was dit in my hart, wat ek probeer het om hierdie dertig jaar die Evangelie om die wêreld te preek, om die mense te sê dat daar 'n hemel is om—om te bereik en daar's 'n hel om te vermy, en daar is 'n God wat jou liefhet, en 'n—'n verlossingskrag wat gereed is om jou op te tel op enige tyd wat jy gereed is om dit te ontvang.

30 Soos 'n man wat verdrink, 'n tou wat daar hang, hy dink: "Wel, die tou, ek kan myself uittrek, maar ek is nie waardig om die tou te kry nie." Die tou is daar gesit vir daardie einste doel, vir jou om jouself daar uit te trek. Dis die rede waarom Jesus Christus gesterf het, vir die einste doel om sondaars te red. En Hy het die tou uitgehang van Ewige Lewe, wat hierdie einste aand oor elke sondaar se kop gaan hierbinne, en 'n welkomteken wat

uithang daarop: "Kom op daaruit." As—as jy—as jy dit wil doen, die voorsiening is gemaak.

31 Nou, toe ek daardie plek gesien het en daardie toestand waarin daardie mense was, en hoe, bokant enigiets waaraan hierdie wêreld ooit kan dink, dit was glorieryk. Daar kan nie sonde daar wees nie, geen dood of niks kan daardie plek binnegaan nie. En daar was geen verskil tussen mans en vroue nie, net die—die sekskliere was weg uit hulle, en daar kan nooit weer enige owerspel en niks meer wees nie. En sy was steeds 'n vrou van figuur, en man was steeds figuur, en hulle sal vir altyd so wees. Want toe God . . .

32 Nou hierdie mag goed wees, party van julle hoërskool kinders wat hierdie goed in julle ingeleer kry hier van evolusie. Nou, ek glo in evolusie, maar nie in die manier dat die mens uit—uit een of ander laer spesie evolusioneer het nie. Hulle eie teorie slaan terug op hulle wanneer hulle enigiets probeer baster, dit sal nie homself terugteël nie. So, julle sien, dit—dit het teruggeslaan op hulle.

33 Nou, ek glo toe God die aarde begin baai het, was die eerste ding waarmee Hy uitgekom het, 'n jellievis, en van daardie na 'n padda, en verder op. Maar, julle sien, dit het die heeltyd nader en nader na die gestalte van die mens gekom, en die mens was 'n weerspieëling van God. En dis waarom gras ge—evolusioneer het, miskien gras, en dan vanaf gras het die blomme gekom, vanaf blomme het die struike gekom, vanaf struike het die bome gekom. Hoekom? Dis 'n prentjie van die Boom van die Lewe wat aan die anderkant staan. En alles aan hierdie kant wat natuurlik is, is 'n skaduwee van die bonatuurlike of die Ewige aan die anderkant. Daarom, solank as daar 'n wedergebore Christen op die aarde is, en ons hier 'n liggaam het soos hierdie, dis die einste weerkaatsing van een wat wag aan die anderkant, waar daar geen dood of verdriet is nie. En dis wat ons harte laat honger vir iets soos daardie. Sien, daar's iets in ons wat uitroep. Ons net . . . Daar's iets wat vir ons sê dis daar. Ek glo deur hierdie jare . . . ek vra om verskoning voor God en die mense, om dom te wees en te wees . . . baie foute te maak. Maar deur hierdie baie jare was ek bevoorreg om baie miljoene mense te sien inkom in die Koninkryk van God, en was dankbaar teenoor die Here om my toe te laat om hulle soontoe te lei. En ek glo hulle sal daar wees op daardie dag.

34 Nou, die gesig is vervul. En hoe ek ooit gestop het, onwetend, op daardie 5de vers. Dis al wat ek ooit gelees het. Maar daar is meer aan daardie hoofstuk, nog 'n paar verse. Nou, julle mag, in julle hotelkamer of huis vanaand, gou soos ons verdaag vanaand, die res daarvan lees, want ek het verskeie Skrifte hier neergeskryf waarna ek wil verwys, en notas waarna ek wil verwys. En ek wil hê julle moet dit lees wanneer julle huis toe gaan. Ek sal dit aanhaal, dit sal op die band wees. Julle daarvan wil neerskryf, wel, sal dit reg wees.

35 Nou, glo julle dat mans en vroue, wat ek weet julle glo, gelei word deur die Gees om dinge te doen? Sien? En Jesus was ons voorbeeld. As julle dit sou oplet, ek wil blaai, blaai julle saam met my na Lukas, die 4de hoofstuk, net 'n oomblik. En ek wil vir julle iets treffends wys. En net sodat ons nie te veel van hierdie verwysings kry nie, maar dat julle in staat sal wees om saam met my hier te lees, want oor hierdie een, vir net 'n paar minute. Lukas, die 4de hoofstuk, en die 14de vers, begin ons. Nou hou baie goed hier dop as julle iets wil sien gebeur, hierdie geparallel. Nou let op.

> *En Jesus het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer* . . . Hy *het in die krag van die Gees na Galiléa teruggekeer. En daar het 'n gerug aangaande Hom* dwarsdeur *die hele omtrek uitgegaan;*
>
> *en Hy het in hulle sinagoges geleer en is deur almal geprys.*
>
> *Toe kom hy in Násaret waar hy opgevoed was; en soos hy gewoond was, gaan hy op die sabbatdag in die sinagoge, en staan op om te lees.*
>
> *En die boek van die profeet Jesaja is aan hom oorhandig; en toe hy die boek oopmaak, kry hy die plek waar geskrywe is:*
>
> *Die Gees van die Here is op my, omdat hy my gesalf het om die evangelie aan die armes te bring. Hy het my gestuur om dié wat verbryseld van hart is, te genees;*
>
> *om aan gevangenis vrylating te verkondig, en aan blindes herstel van gesig; om dié wat gebroke is in vryheid weg te stuur; om die aangename jaar van die Here aan te kondig.*
>
> *En hy het die boek toegemaak* . . .

36 Nou, as julle wil, as julle verwysing daarvoor wil hê, het ek dit hier, net 'n oomblik, as ek dit miskien optel uit die kantlyn verwysing hier. As julle oplet, dit sal julle ook vind oorkant in Markus en verskillende plekke, maar in Jesaja 61:1 en 2. Nou, is dit nie vreemd dat Hy net daar gestop het nie, en die einste volgende vers . . . Dit was wat toegepas is op Sy eerste koms. En die tweede, volgende vers, is van toepassing op Sy Tweede Koms, by die oordeel. Hy het gestop en die boek toegemaak. As enige van julle 'n Scofield Bybel lees, sal julle 'n voetnota daaroor daar vind. Sien? Hou julle voetnota dop van merk "2," van voetnota, sien, en julle sal daar 'n vergelyking oplet met die—die boodskap aangehaal in Jesaja 61:1 en 2. Gee die geval van die . . . Waar die Skrif hier, gepreek, Jesus die aangename jaar van die Here moes aankondig; en die volgende vers kom uit met Sy Koms en oordeel. Sien? En julle sien hoe Hy net daarby gestop het.

37 En hoe ek dit nooit opgelet het nie, en hoe ek altyd gestop het by hierdie 5de vers: "Want die tyd sal aanbreek wanneer hulle nie gesonde Leer sal verdra nie, maar, vir hulle 'n menigte leraars sal versamel, omdat hulle in hulle gehoor gestreel wil wees, en afgekeer word van die Waarheid na fabels. Maar doen die werk van 'n evangelis, vervul die bediening." Sien? En deur God se hulp en genade, het ek probeer om dit te doen. En ek wil my vriende, beide hier en buite in die lande waar die bande sal gaan, die rede waarom ek die stand ingeneem het wat ek het vir die Woord, is hierdie einste rede. "Preek die Woord." Dis waarom ek nie enige van die geloofsbelydenisse sal duld, enige denominasies nie, want ek het opdrag gekry van God om by die Woord te bly. Nou as enigiemand enigiets anders wil doen, hang dit van hulle af.

38 As julle sal oplet, in die visioen wat ek gehad het van my bediening, was dit dat ek nooit daardie bome gekruis het nie. Ek het nooit bekeerlinge gemaak nie. Ek het nooit gesê: "Al julle drie-eniges word eenheid," nie. Of "al julle eenheid word drie-eniges," nie. Ek het geplant in hulle eie houers. Net presies. Ek het gegaan na die drie-eniges, ek het gegaan na die eenheid, ek het na almal gegaan, en tussenin gebly en nooit by enige van hulle aangesluit nie; maar tussenin gebly, as 'n broer, net presies wat daardie visioen gesê het om te doen. En ek het die vrugte van beide kante geëet, verlossing aan beide kante.

39 En nou, het julle opgelet, daar's baie drie-enige mense wat hier sit, daar's baie eenheid, en daar's baie verskillendes. Maar hoe kleinlik sou julle wees om daaroor te stry, want as daardie deel van die visioen waar is, is die ander deel ook waar. Beide vrugte is in die kruis gevind. Sien? Beide van hulle was in die kruis gevind, almal saamgetros, en beide pruime en peer, of perske, pruime en appels, het daar op my afgereën. Beide van hulle. Almal gevind in die kruis, want hulle het almal in God geglo en is gevul met die Heilige Gees, en het die Christenwerke en tekens laat volg.

40 Nou, die denominasie wil niks daarmee te doen hê nie. Dit sal die wedergeborenes wees wat enigiets te doen sal hê daarmee. Dit sal jou ondervinding wees met God wat daarmee te doen sal hê. Nou, ons sien soveel daarvan. Ek het verskeie Skrifte hier waarna ek graag wil verwys. Miskien sal ek 'n bietjie later.

41 Maar nou wil ek julle neem vanaf die 5de vers, verder af na die 18de vers. En nou om tyd te bespaar, sal ek—ek dit nie lees nie. Maar nou Paulus, het weer hier oorkant begin in Timothéüs, as julle oplet hoe hy begin praat het, is dit pateties. Nou as julle oplet na die 5de vers.

> *Want ek word alreeds as 'n drankoffer uitgegiet, en* my *tyd van . . . my heengaan is naby.* Maak gereed om

die toneel te verlaat. (Begin, sien: "ek het. . . wel, kyk, my. . . ") Ek's gereed, en *my heengaan is naby.*

Ek het die goeie stryd gestry; ek het die wedloop voleindig, en ek het die geloof behou.

Verder is vir my weggelê die kroon van geregtigheid wat die Here, die regverdige Regter, my in dié dag sal gee; en nie alleem *aan my alleen nie, maar. . . almal wat Sy verskyning liefgehad het.*

42 En dan gaan hy voort om te vertel: "Doen alles, doen hierdie dinge." Wat? Vir hom om die jas te bring. Nou begin ons dadelik, en hy sê:

. . . *Demas het my verlaat,* . . .

43 Daar moet 'n tyd kom in sy bediening toe hy 'n jong evangelis was, 'n jong profeet, almal was vir hom. Maar nou let julle op verder af daarin, het dit gesê:

. . . *alle* mense het *my* verlaat. . . (waarvoor? die Woord)

44 Toe Jesus, die jong Profeet van Galiléa, Hy het 'n tyd gehad en Hy is verlaat. Alle mense wat bly by God se Woord, kom by 'n tyd waar hulle verlaat is deur die wêreld en die godsdienstige wêreld. Jesus het vyfduisend gevoed, eendag, en hulle mandjiesvol van—van stukke opgetel het van vyf brode en twee visse. En net die volgende dag, glo ek was dit, het Hy begin afkom met daardie Woord, en almal van hulle het van Hom begin weggaan. En Hy het omgekyk na die dissipels en gesê: "Wil julle ook gaan?" Selfs sewentig van Sy Eie verordineerde predikers het Hom verlaat. En Hy het gesê: "Wil julle ook gaan?"

45 En toe het Petrus daardie befaamde woorde gespreek, deur te sê: "Here, waarnatoe sal ons gaan? U alleen het die Ewige Lewe."

46 Let op. Maar die tyd het aangebreek toe die tyd van verlating aangebreek het, en dit—dit moet kom. Dit moet kom. En nou het ek verskeie profete en dinge hierbinne om na te verwys, om vir julle te bewys dat daardie tyd kom. En dit het gearriveer vir my. Nie nodig om daarvan te probeer wegskram nie, dis hier en jy moet dit net neem. Hulle het nie weggeskram daarvan nie, hulle het gestaan en dit geneem, en was nie skaam vir die Evangelie nie.

47 Julle let op Paulus: "Ek het die goeie stryd gestry. Ek het my wedloop voleindig. Ek het die Geloof behou." O, goeiste! Verder ondertoe hier het dit gesê: "Ek het geveg met diere. En ek—ek is uitgelewer uit die leeus se mond." En die dinge waardeur hy gegaan het, God was goed vir hom. Maar die tyd het aangebreek toe hy sou vertrek.

48 Nou, laat ons net wonder, hoekom sou 'n man, 'n prediker, geassosieer soos Demas was met Paulus, Paulus ooit verlaat?

49 Julle onthou Broer Baxter, baie van julle onthou hom. Hy het altyd hierdie gelees oor Demas. Hy het gesê: "Jy weet wat gaan ek doen, Broer Branham, wanneer ek in die Hemel kom, die eerste ding wat ek gaan doen?"

En ek het gesê: "Wat?"

50 Hy het gesê: "Ek gaan reguit oploop en uitvind waar Demas is, en ek gaan hom slaan net so hard as wat ek kan." En gesê: "Hy gaan omdraai en sê: 'Baxter, hoekom het jy dit gedoen?'" Hy het gesê: "Hoekom het jy arme klein Paulus verlaat toe almal hom verlaat het?" Ek stem nie daarmee saam nie, ek dink nie hulle sal bakleiery daarbo hê nie, maar ek het net gedink aan Broer Baxter, omdat hy so jammer gevoel het vir Paulus.

51 Wel, wat het Paulus gedoen? Hy het gepreek net so getrou as wat hy kon, en die Heilige Gees was op hom. En toe hy daar neergeskryf het van daardie dame predikers en dinge, reken ek was daar 'n oproer. Gesê: "Laat die vrou stilbly in die kerke, hulle nie toegelaat om te preek nie," en hy wat net toe in die tronk was.

52 Kan julle voorstel wat party van daardie biskoppe gesê het? "Huh! Daardie kêrel daarbo in die tronk, watter besigheid het hy om vir ons hieronder te skryf? Sien? En hy het Timothéüs, 'n wyndrinker, by hom. En so hier is hy nou daarbo, wat hy Timothéüs wyn voer, en hier lê hy in die tronk, en skryf af, sê vir ons wat die Heilige Gees vir ons moet sê om te doen."

53 Maar hy het gesê: "As . . . Wat? Het die Woord van God van julle af gekom, en het dit net van julle af gekom? As enige man dink hy's geestelik of 'n profeet, laat hom erken dat wat ek skryf die Gebooie van die Here is." Sien?

54 Sien, die tyd kom, vriende. En ek wil hê die mense in die lande waarnatoe die bande gaan, moet onthou dat die skeidingstyd moet aangebreek. Dit moet dit doen. Ek weet nie hoe ver ek van die endtyd is, my einde van die pad nie. Ek weet nie. Dit hang van God af. Ek weet nie wat môre is, en wie . . . Ek weet nie wat dit inhou nie, maar ek weet Wie dit vashou. So dis waar my geloof gebou is, daarop.

55 Nou, ek veronderstel Demas het hom nie verlaat en na die nagklubs gegaan nie. Ek veronderstel nie Demas het dit gedoen nie, want Demas was 'n Geesvervulde man. Hy was 'n groot helper. As julle ooit die geskiedenis van Demas sal neem, hy was 'n bekende prediker, 'n goed-opgevoede man, goed afgerond, geleerd. Hy was 'n slim man. Maar hoekom het hy Paulus verlaat? Dis die ding. Wat hom dit laat doen, Paulus laat verlaat? Ek dink nie hy wou na 'n nagklub of enigiets gaan nie. Maar ek dink dit was God wat Paulus afgesonder het. Nou, ek neem aan Demas . . .

56 Laat ons 'n paar van Demas se gedagtes neem. En ek het onder op die heuwel gesit, gewonder nou die dag, omtrent daglig,

en ek het gedink: "Hoekom sou Demas daardie kêrel wou verlaat? Hoekom sou hy daardie arme predikertjie wou verlaat, wat hom na die Here toe gelei het, die man wat die herlewing onder die Heidene gelei het, 'n profeet inderdaad?" Niemand kan sê dat hy nie 'n profeet was nie. Hy was meer as 'n profeet, hy was 'n apostel, en 'n groot en magtige apostel aan die Heidene. En Demas sou assosieer met Paulus, gemeenskap gehad, en die Gees van God sien beweeg op daardie man. En hoekom sou hy sy rug draai op so 'n persoon soos daardie, bevestig is dat hy 'n dienaar van Christus was? Het julle Paulus hier opgelet: "Hierdie teenswoordige wêreld liefgekry het." Nou, ek dink nie Demas het teruggeval nie. Ek dink nie hy't dit gedoen nie. Maar ek dink hy—hy het die verkeerde opinie van Paulus gekry.

57 Nou, Demas het uit 'n ryk familie gekom, en hy was ryk, en geld beteken partymaal godsdiens vir mense. Soos hulle in Kalifornië sê: "As jy nie drie Cadillacs het nie, is jy nie geestelik nie." So dit beteken, as jy nie suksesvol is nie, as jy nie die beste kerk het wat daar in die stad is nie, sal die mense nie gaan nie. Dis amper so hier; bewys vir jou. Jy moet die beste kerk in die land hê, of hulle sê: "Jy, o, jy bedoel jy het aangesluit by 'n klein groepie soos daardie?"

58 Het julle geweet ons Here het nie 'n plek gehad om Sy kop neer te lê nie? Het julle geweet Hy het net een jas besit? Sien? En Hy het dit gehad, Hy was net so 'n persoon wat rondgestoot is. En Hy het nie 'n plek gehad om Sy kop neer te lê nie. En hulle kon dieselfde ding dink, en het, van Hom.

59 En, nou, ek glo Demas het 'n swakheid gesien, skynbaar, in Paulus se bediening. Ek dink hy het gedink die ou kêrel was uitgewas voor God. Nou, hy het gedink dat mense wat hulle oë sou uitpluk om vir Paulus te gee . . .

60 Nou, Paulus het gesê dat, hy het gesê: "Jy sou, ten minste, jou oë uitgepluk het, om hulle vir my te gee." Want Paulus, dink ons, het slegte oë gehad, want hy het gesê: "Ek het met sulke groot letters geskryf." Hy het gesê: "groot letters," maar ek het die—die leksikon gekry, en dit sê: "met groot letters." Hy was in Rome, in die tronk daar. Dit was iets verkeerd, hy het gesê sy oë het hom gepla, vanaf die Hemelse visioen. So hy . . . Die mense sou hulle oë uitgepluk het, sien. En Paulus het gely, sy oë het hom gepla, en hy het gely. En hy het die Here gevra om hom te genees, drie keer. En hy het gesê: "Sodat ek my nie sou verhoog bo die grootheid van die Openbaring nie, is daar vir my 'n boodskapper van die Duiwel gestuur dat hy my mag slaan." Nou, dit sou baie beter raak, hom dan weer tref. Dan sou hy beter raak, en hom weer tref.

61 Julle sien, Paulus het 'n bediening gehad, groter as al die res van die apostels bymekaar gesit. Party van hulle kon gesê het: "Wel, ek het gewandel met Jesus." Wel, manne op die straat

het saam met Hom geloop toe Hy hier was. Maar Paulus het Hom in die Vuurkolom gesien nadat Hy dood was, begrawe was, opgevaar het in die Hemel, en teruggekeer het en Paulus geroep het, sien, sien, op die pad af na Damaskus. En hy't 'n groter bediening gehad as Matthéüs, Markus, Lukas, of enige van daardie andere. Hy was ver bokant hulle. En hy het gesê: "Sodat ek my nie verhoog en sê: 'Nou, julle kêrels het niks Daarvan geweet nie,' ek het die Here gesien na Sy opstanding."

62 Wel, hulle sê: "Ons het gewandel met Hom." Wel, so het al die mense onder rondom in Galiléa en Násaret en deur die land daar. Hulle het almal met Hom gewandel.

63 Maar, julle sien, Paulus het met Hom gepraat en Hom gesien in die vorm wat Hy was voor Hy vlees geword het. Sien? En Hy het Paulus opdrag gegee in daardie toestand, toe Hy in daardie Lig was. Hy het Paulus opdrag gegee. En—en Paulus het Hom gesien. En hy het gesê: "Sodat ek my nie verhoog, 'n bietjie hoër voel as party van julle broers, is daar aan my 'n boodskapper van die Duiwel gegee," wat hom geteister het. En hy het gesê: "Ek het die Here drie keer gevra om dit weg te neem van my. En Hy het gesê: 'Saul, of Paulus, My genade is genoeg.'" Toe het Paulus gesê: "Ek sal my verheerlik in my swakhede, want wanneer ek swak is, dan is ek sterk. Sien, ek sal my verheerlik daarin!"

64 Het julle nou opgelet, 'n man wat 'n groter bediening gehad het, groter as die res van hulle wat op die veld was, Paulus, die grootste bediening van hulle almal, wat Jesus gesien het in 'n Vuurkolom, en hom opdrag gegee het om te doen wat hy gedoen het, en bevestig was deur dieselfde God, dieselfde Krag, met tekens en wonders bo enige verdenking; en was so arm dat hy net een jas gehad het, gepreek het aan 'n klomp mense wat hulle oë sou uitgepluk het, en party van hulle miljoenêrs. En tog het Paulus een jas gehad. Hy het gesê: "Bring daardie jas, word koud hierbo." Hy was in die bergland. Hy het net een jas gehad.

65 En Demas, aan 'n man wat van hoë stand was, hoë kaliber, opgevoed, geleerd, en 'n ryk man wat baie stelle klere gehad het: "Daardie kêrel, was iets verkeerd met hom. Wat soveel vriende gehad het, wat hulle oë sou uitpluk en vir hom gegee het, en tog was hy so arm, hy het net een jas gehad. Iets was verkeerd met Paulus."

66 O, julle weet, daardie gees verlaat nie die wêreld nie, hulle het dit steeds op daardie manier. Geld is nie God nie. Daar's net een God. Sien? Maar mense dink omdat jy 'n groot bediening het, behoort jy al *hierdie* en al *hierdie* te besit, en al hierdie yslike groot dinge, en groot skole en groot *so-en-so*. God deel nie in daardie dinge nie. Of, ten minste, dit was my opinie. God deel met 'n indiwidu. Hy het ons nooit verordineer om sulke dinge te gaan doen nie.

67 Maar Paulus, met een jas, en hy sê hier vir Timothéüs om dit vir hom te bring, want dit word koud daarbo. Uh-huh. 'n Man wat 'n bediening gehad het, wat gepreek het aan tiene van duisende, wat Paulus het, en 'n bediening wat alle soorte van wonderwerke kon doen, en Jesus in 'n Vuurkolom gesien het, hom opdrag gegee het, en tog een jas besit. Demas het gesê: "'n Kêrel soos daardie," hy sou wegdraai van hom.

68 Nou, toe hy hierbo was en gepreek het na Troas, vind ons uit dat daar 'n man daarbo was wat 'n kopersmid was. En hy was 'n niksnuts. En hy het Christelikheid gehaat. En hy het alles aan Paulus gedoen wat hy aan hom kon doen, hom in die tronk laat gooi, en elke. . . Paulus waarsku Timothéüs selfs oor dieselfde ding: "Hou daardie kêrel dop." En hier's Demas! O God, laat die mense dit hoor! En hier het Demas gestaan by 'n man wat 'n man met blindheid getref het, omdat hy met hom gestry het. Nou, julle Kerk van Christus predikers, trek nou julle jasse aan. Ek het eenkeer een gehad wat vir my gesê het, gesê: "Slaan my blind! Slaan my blind! Jy die Heilige Gees het, slaan my blind."

Ek het gesê: "Jy's alreeds blind." Sien?

69 Nou, hoekom het Paulus nie die kopersmid met blindheid getref nie? Selfde soort van 'n gees wat op mense is wat dit dink, is dieselfde ding wat op Demas was. 'n Man wat 'n man met blindheid kon tref omdat hy met hom gestry het, en dan omdraai en 'n kopersmid sy bediening in die stad laat bederf. Sonder twyfel het Demas gesê: "Hy, hy is uitgewas, hy het al sy gawes verloor. Hy's—hy het sy gawe om met blindheid te tref, verloor.

70 Sien julle nie hoe daardie gees steeds lewe nie, sê: "Jy's uitgewas, broer"? O! Dit—dit gaan net oor die mense se kop. Hulle begryp dit net nie, dis al wat daaraan is. Sien? Hulle kan dit net nie sien nie. Sien? Hulle verstaan nie.

71 Nou Demas. . . het nie daardie man met blindheid getref omdat hy wou nie. Het Jesus nie gesê: "Ek doen niks voordat die Vader My eers wys" nie? Het ek julle nie jare gelede gesê, met my eie moeder wat gelê het, sterwend, en sou sê: "Bill, wat's my uiteinde?" Ek kon niks sê totdat God eers so gesê het nie. En dis net wat gebeur het. Die mens kan nie, die mens is 'n mislukking om mee te begin. Hy is net 'n agent waardeur God werk, en God bewerk Sy Eie wil. Maar wanneer julle hierdie super-duper mense sien wat altyd *hierdie* en *daardie* en die *ander* het, beter julle wegbly daarvan. Sien? Jesus Self het dit nie gedoen nie. Hy het gesê: "Ek werk net soos die Vader werk. Hy wys My wat om te doen, en dan gaan doen Ek dit. Ek kan nie ander. . . enigiets anders as daardie nie."

72 En hier het Demas vir Paulus gesien, 'n man wat 'n bediening gehad het soos daardie, en tog so arm was dat hy net een jas besit het, en wou hê Timothéüs moet dit vir hom bring. Een jas! Maar, Paulus het die voorbeeld gestel soos Christus was, Hy het

een jas gehad. Hoekom beteken rykdom en baie geld en dinge dan soveel vir mense vandag? Let nou op. En hy het krag gehad totdat enigiemand wat teenstrydig was met wat hy gepreek het, omgedraai het en gesê het: "Jy sal blind wees vir 'n seisoen." En die man was blind.

73 En hier was 'n kopersmid, tien keer meer aan hom gedoen as wat daardie man gedoen het, en tog weggekom daarmee. Demas moes gedink het: "Wel, sien, die ou kêrel is nou uitgewas. Hy het sy bediening verloor." Nee, nee, hy het nie sy bediening verloor nie, glad nie. God doen nie sulke dinge nie. God is nie 'n Indiese gewer nie. Ja. Let nou op.

74 Paulus was iets omtrent soos Elía. Elía die profeet het opgegaan op die berg deur die opdrag van God, en gevra dat vuur uit die Hemel val, en dit het geval. En hy het gevra vir water, en dit het gekom. En toe het hy deur die boodskap van God beveel en vierhonderd priesters doodgemaak, hulle koppe laat afkap en hulle teen die heuwel laat afrol; en toe het hy weggehardloop voor die dreigement van 'n—'n vrou, een klein skynheilige vrou, of, sy was 'n ongelowige. Isébel, daardie een klein vroutjie was die sleutel tot alles daarvan, sy was die een wat dit veroorsaak het. Lyk asof hy haar eerste sou gekry het. Maar God het Sy manier om dinge te doen, en sy dienaars kan net werk volgens as hy werk volgens die wil van God.

75 Sien julle nie, vriende, jy moet beweeg volgens God se manier van beweeg. Hoeveel keer het ek gesit en broers van raad bedien, en hoe ek graag sou wou oorstap en hulle hand skud en sê: "Broers, dit maak geen verskil nie, laat ons net broers wees." Hoe kan ek dit doen en my opdrag hou: "Preek die Woord"? Wil dit nie doen nie.

76 Ek het onder predikers gestaan, en sê: "Broer Branham, my tante is hier oorkant. Ek weet jy's 'n profeet gestuur van God. Gaan oor en herstel haar sig." Wens ek kon, ek sou dit doen. Ek kan dit nie doen totdat Hy vir my sê om dit te doen nie. Sien? Niemand kan dit doen nie. Elía kon dit nie doen nie, niemand anders kon dit doen nie.

77 Nou vind ons uit dat Paulus . . . Demas wat gepreek het saam met Paulus, het gesien dat Paulus 'n kreupel man daar sien lê het, en gesê het: "Ek sien dat jy geloof het om genees te word. Staan op jou voete! Jesus Christus het jou genees." Hom gesien die siekes genees, en tog het hy sy vriend Theofilus siek gelos.

78 "Paulus het sy bediening verloor." Dis wat Demas moes gedink het. "Hoekom het hy nie, as hy die gawe van genesing gehad het, hoekom het hy nie daarnatoe gegaan en daardie vriend genees wat so getrou by hom gestaan het nie? Hy het gesê: 'Ek het hom siek daarbo gelos. En ek het nie 'n jas nie, en ek wil hê jy moet daardie jas vir my saambring. En wees versigtig vir daardie kopersmid, hy het pas die diens in die stad geruïneer.

Ek moes die stad verlaat. Hy het my in die tronk gesit.'" Ek veronderstel Demas het gesê: "Watter soort van 'n prediker het dit geword?" Sien?

79 En, broer, hulle het baie van daardie Demasgeeste in die wêreld vandag. Hulle weet nie waaroor dit gaan nie. Sien? Nie nodig om dit vir hulle te probeer verduidelik nie, want hulle sal dit in elk geval nie begryp nie. Sien? Sien? 'n Dienaar van Christus volg die Voetspore.

80 Een van ons diakens hier, ek weet nie of hy vanaand hier is, of nie, dis Tony Zabel. Hy's gewoonlik hierrond. En hy het na my toe gekom en hy het gesê hier nie lank gelede voordat hy gekry—hiernatoe gekom het nie, hy het gesê—hy het gesê: "Ek—ek het 'n droom gehad, 'n snaakse droom." Hy het gesê: "Ek—ek het gedroom ek het my pad probeer vind bo na die Hemel." Hy het gesê: "Ek het 'n man sien kom met 'n swart kleed aan en het 'n—'n—'n boek gelees." En gesê: "Ek—ek het by hierdie man gekom, en ek het gevra: 'Watter pad na die Hemel?' En hy het gesê: 'Vra die man voor my.'" En dit was 'n—'n pastoor van 'n kerk waarnatoe hy gegaan het.

81 Hy het 'n bietjie verder gegaan en hy het 'n ander man ontmoet, hy het 'n swart kleed aangehad en hy het liedere gesing, aangegaan. En dit was nog 'n pastoor. Beide daardie pastore is persoonlike vriende van my. En hy het gesê. . . En goeie mans. En hy het gesê: "Watter pad neem ek om bo-op die berg hier te kom?' Hy het gesê: 'Kyk hier.' Gesê: 'Sien, wat daar ver bo-op die top staan, daardie baie klein kêreltjie?' Ek het gesê: 'Ja.'" Gesê: "Daar het 'n kêrel gestaan met 'n oorpak aan en een van daardie klein cowboy-hoede aan."

82 Iemand het gesê, onder in Kentucky, gesê, gepraat van my daaronder, gesê: "Daardie kêrel lyk soos enigiets behalwe 'n prediker." Mag lyk soos 'n boer of iets, maar—maar, julle weet, dit is nie voorkoms nie.

83 En gesê dit was ek wat daarbo gestaan het. En hy—hy het opgeklim tot hy by my gekom het, en gesê ek het hom aan die arm geneem en hom opgelei totdat hy bo-op die heuwel gekom het. En daar was 'n wildernis om deur te gaan. En ek het gesê: "Tony, ek moet jou hier los en jy moet 'n bietjie hiervan op jou eie loop."

Hy het gesê: "Broer Branham, wat kan ek van hier af aan doen?"

84 Gesê ek het gesê: "Kom hier, Tony, kyk hier af. Jy sien daardie kaalvoetspore met bloed in hulle?" Ek het gesê: "Dis wat ek die heelpad gevolg het. Bly net Daarop." Dis die enigste ding wat ek weet om mense na toe te wys; nie na 'n geloofsbelydenis of 'n sensasie van een of ander soort nie, maar na daardie bloederige Voetspore wat na die Bybel lei, die Bloed van Jesus Christus.

85 Nou, hoe daardie man moes gevoel het, 'n man met soveel miljoenêrsvriende, en een jas. 'n Man wat was . . . krag gehad het om 'n man met blindheid te tref, en laat 'n man hom uit die dorp jaag. Nooit iets daaraan gedoen nie, opgestaan en uitgegaan. Gebid vir die siekes en sy siek vriend gelaat. En Demas het hom verlaat. Al die res van hulle het hom verlaat. Almal van hulle het hom verlaat. Paulus het gesê: "Alle mense het my verlaat." Elkeen van hulle het hom verlaat.

86 Ek sê dit. Wanneer 'n man getrou staan by die Woord, nie net in een diens nie, maar in elke diens, wanneer 'n man getrou staan by die Woord, sal die tyd kom wanneer hulle hom sal verlaat. Presies. Hulle het dit gedoen. Hulle het dit gedoen aan onse Here. Hulle sal Hom verlaat wanneer Hy vir Waarheid staan. "Alle mense het my verlaat." En nou wat dink julle dat Demas en party van daardie manne gedink het, wanneer ons almal weet, wat die Skrif ken, dat Lukas 'n dokter was, en Paulus, waar ook al hy gegaan het, hierdie dokter saam met hom geneem? En Goddelike genesing gepreek, en sy vriend siek gelos. So arm, hy het net een jas gehad. En 'n man hom uit die dorp laat jaag, wanneer hy 'n man met blindheid kon tref. Sien, hulle het gedink hy was uitgewas. Maar hy was nie! Hy was presies in die bloederige Voetspore. Hy het gevolg. Ek hoop julle verstaan. Hy het gesê: "Alle mense het my verlaat."

87 Demas, wat hierdie teenswoordige wêreld liefgekry het, gewildheid van die mens. "Hello, Doktor Demas. Ek weet jy het jou Ph.!"

88 O, sekerlik, hulle hou daarvan. Jesus het gesê: "Hoe julle daarvan hou om in sinagoges te staan, en 'Rabbi,' genoem te word ensovoorts." Gesê: "Julle ontvang net meer veroordeling." Sien?

89 Nou, ons weet toe hulle hierdie dokter hom sien volg het, of saam met hom was, en Paulus het Lukas saam met hom geneem, gesê hy het gesê—gesê hier: "Lukas is—Lukas is die enigste een wat nie verlaat het nie." En Lukas is—is goed vir hom. Maar Lukas is vooruitstrewend vir hom. Hy het Lukas nodig vir sy bediening. En hierdie dokter wat 'n man rondvolg waar hy ook al gegaan het, en preek Goddelike genesing. En 'n man wat Goddelike genesing gepreek het, die kreupeles kon genees, die dooies oprig, en alles anders, en magtige visioene sien, en dinge spreek wat sou gebeur, en sy eie medewerker siek gelaat het. En kon 'n miljoen dollars gehad het en geboue gebou het wat tiene van duisende van dollars werd was, en groot skole en dinge soos daardie, en nie eens een jas gehad het om aan te trek nie.

90 Demas het gesê: "Ek assosieer nie met 'n kêrel soos daardie nie. Hy's net—hy's 'n lae klas persoon. Ek sal opgaan saam met die denominasionele broers. Ek sal opgaan waar ek iemand is." As dit so-iets was, sou ek graag wou loop en direk na Baxter klaarmaak, sien, om daardie arme klein kêreltjie in daardie

toestand te los. Hy behoort by hom te gestaan het. Paulus was die een wat hom na Christus gelei het. Maar, julle sien, dis sonder om die Gees te ken, te weet wat die wil van God is, en dan die wil van God te doen. Sien? Nou, maar daar het hy hom gelos in daardie toestand. Hom gelos! Alle mense het hom verlaat.

91 Hoe ek daaraan dink! Hoe 'n dienaar wat getrou aan die Woord sal bly, een of ander tyd, onthou net, gaan die mense hom verlaat. Nou, ons wil dit tref net vir 'n paar minute, en ek sal julle nie te lank hou nie, want ek wil julle hier hê in die oggend. Altyd wanneer God se dienaar getrou bly aan die Woord, verlaat almal hom. En dit. . . Nou, neem net enige plek waar julle wil, enige tyd in die Bybel of in geskiedenis, dat wanneer 'n man getrou gebly het, maak nie saak hoe gewild hy was nie, wanneer hy getrou gebly het aan die Woord, het die tyd gekom wanneer die godsdienstige wêreld hom verlaat het en hom afgesny het. Nou, lees dit net soos julle die Bybel neem vanaf Génesis oor na die Boek van Openbaring, en tel dit op in die Pre—Niceense Raad en neem dit af na die Niceense vaders, en elke man, elke heilige, elke profeet, elke ware dienaar van God wat getrou gebly het aan die Woord, is verlaat deur die godsdienstige ding en verwerp. En Paulus was een van hulle.

92 En as daar een sou wees vandag, sou dit dieselfde ding gewees het. Dis presies die waarheid. Jy moet daardie plek tref. Dit moet kom. Hulle dink dat 'n man wat 'n bediening sou hê soos daardie, hy behoort die wêreld reg onder sy duim te hê. Hy behoort, maar hulle sal nie onder sy duim kom nie. Sien? En 'n man soos daardie sou nie 'n bediening plaas, 'n wêreld onder sy duim nie; hy sou dit onder Sy Meester se duim plaas, want hy's nie hier om homself te verteenwoordig nie, hy verteenwoordig sy Meester.

93 Julle weet, die mens probeer eer soek een by 'n ander, en hulle eer mekaar, en onteer God deur dit te doen. Sien? Ons probeer en maak groot mense onder ons, en wanneer ons geen groot mense en klein mense is nie, ons is almal klein mense. Daar's net een groot Een onder ons, en dis ons Here. Sien? En ons maak ons organisasies soveel groter as God: "die groot heilige kerk van *hierdie, daardie,* of die *ander*, die groot heilige biskoppe," ensovoorts. Daar's glad nie sulke dinge soos daardie nie. Dis die eer van die mens. Daar's net Een heilig, en dis God. En die Heilige Gees, wat God is, is onder ons. Dis nie ons wat heilig is nie, dis die Heilige Gees wat in ons is. Dis nie. . . Wanneer ons dinge gedoen sien, is dit nie ons wat doen nie, dis die Heilige Gees. Jesus het gesê: "Dis nie Ek wat die werke doen nie, dis My Vader. Hy woon in My, en Hy's die Een wat die werke doen." En dit is nie hy wat—wat doen nie. Goed. Maar ons vind daardie getroue dienaars dwarsdeur die tyd.

94 Nou hier's die ding wat ek soort van op wil beoefen vir 'n paar oomblikke. Nou, dis gewoonlik op so 'n tyd soos hierdie wanneer

'n man getrou gebly het aan die Woord en alle mense hom verlaat het, totdat God intree ter verdediging van daardie persoon en sy bediening kroon. Sien? Dis reg. Wat 'n vertroosting! Ons vertroosting is gebou in die belofte van God se Woord. Maak nie saak wat die wêreld sê nie, wat die wêreld doen nie, dis nie ons hoop nie, is nie gebou in wat die wêreld doen nie.

95 Ek dink daardie lied is so mooi. Wens ek kon sing. Ek wou altyd sing. Sien? "Hulle wat wag op die Here, sal hulle krag hernu, hulle sal opstyg met vlerke soos 'n arend, hulle sal hardloop en nie moeg word nie, as hulle stap sal hulle nie flou word nie; leer my, Here, om te wag. Leer my, Here, om te wag onder op my knieë." Ek hou daarvan. "En in U Eie goeie tyd sal U my versoeke beantwoord; leer my om nie te vertrou op wat ander doen nie, maar laat my wag in gebed vir 'n antwoord van U." Dis reg. Dis die ware dienaar wat wag vir sy Meester se beurt, wat dit weet, dat die Skrifte nie kan faal, ongeag van wat gebeur nie. Die Skrifte moet waar staan. In so 'n tyd soos daardie, is wanneer God gewoonlik intree om hulle te help.

96 Laat ons kyk na Elía, toe hy verlaat is. Hoekom? Omdat hy getrou gebly het aan die Woord. Hy het gesê: "Alle mense het my verlaat." En hy is geëkskommuniseer uit die gemeenskap, uit die organisasie, uit selfs die nasionale organisasie, of, die nasionale kerk van Israel, die priester en almal het hom uitgegooi, en hy het nie eens 'n jas gehad soveel soos Paulus nie, maar 'n klein stukkie skaapvel, of, leer gedraai om hom, en bo-op 'n berg gesit en is gevoed deur die voëls. Ja, meneer. Hoekom? Om die Woord-van-God se onthalwe, want hy was getrou aan SO SPREEK DIE HERE. Nou het hulle almal gemoderniseer. Die eerste dame van die land, Isébel, het al die modes en dinge uitgehad. En die priesters het ingegee daarvoor ensovoorts, en al die predikers ensovoorts, hulle het gekoördineer daarin. Maar nie Elía nie, hy het getrou gebly aan daardie Woord. En oor so-iets was hy verlaat, totdat hy uitgeroep het: "Here, ek is die enigste een oor, en hulle soek selfs my lewe."

97 Maar God het hom 'n bietjie vertroosting gegee, gesê: "Ek het nog seweduisend daaronder."

98 Sien, ek dink nie Elía het opgeblase gevoel daaroor, dat hy die enigste een was nie, maar ek dink hy was net so verlate. Elke keer wat hy sou opgaan na 'n priester om 'n diens te hou, sou hulle hom wegjaag. Hy sou hiernatoe gaan: "Gaan hier uit, jou fanatikus! Gaan hier uit! Gaan doen *dit*!" Dit het gewys toe Elisa gekom het, sy opvolger. Wel, wat het hulle gedoen? Hulle het selfs . . . Die jongkêrel was kaalkop, en hulle het hulle kindertjies uitgestuur om te spot met daardie ou "kwakke." Gesê beide van hulle was gereken as kwakke, gesê: "Ou kaalkop! Kaalkop, hoekom gaan jy nie op soos Elía het nie?" Hulle het nie geglo hy het opgegaan nie. Uh-huh. Sien? Hulle het gedink hy was 'n klomp kwakke.

Maar hy was getrou aan die Woord, met 'n bevestigde bediening. Elía het gestaan. Goed.

99 Daniël het 'n ware stand ingeneem. Julle weet waar ek dit kry in Daniël 12, of Daniël 9, is dit. Wanneer julle. . . Daniël het 'n ware stand ingeneem vir die Woord. Wat het met hom gebeur? Toe hy die regterhandman van die koning was, maar hy het 'n ware stand ingeneem vir die Woord, en is geëkskommuniseer en in die leeukuil gegooi. 'n Man van God wat getrou gestaan het aan die Woord!

100 Die Hebreeuse kinders het getrou gebly aan die Woord, onder die koning se uitvaardiging dat "wie ook al nie buig voor daardie beeld wanneer die siterklank en beuel uitgeblaas word, ensovoorts nie, wie ook al nie sal buig voor ons beeld nie, sal gegooi word in die vuuroond," en hulle het hulle rug gedraai op die beeld. En hulle—hulle, ongeag van hoe ongewild hulle geword het, ongeag van hoe geëkskommuniseer hulle sou word van die gemeenskap, hulle het getrou gebly aan die Woord. Ek hou daarvan.

101 Jakob, 'n ander. Hy het 'n. . . was weg van die huis af vir 'n lang tyd, en hy het 'n roeping gehad om huis toe te gaan om sy mense te sien. En hy was oppad, getrou aan sy roeping, getrou aan sy leiding. Hy het dinge lekker daar oorkant gehad, maar God het begin om met hom te deel om huis toe te gaan. En, oppad huis toe, is hy gegooi tussen twee nou plekke. Sy vrou en kinders aan hierdie kant; en sy gehate broer, Esau, wat hier aankom met 'n leër om hom te ontmoet. En hy het by die klein spruitjie gestaan, Pniëlspruit daar, en daar het hy gestaan. En wat 'n toestand! Esau, wat hom haat, wat kom met 'n leër om hom te ontmoet, en hier was sy vrou, twee vroue en kinders almal op hierdie kant van die spruit, en hy is gevang in 'n nou plek. Hoekom? Want as hy gebly het in sy eie land, sou dit goed wees. Maar hy het 'n roeping gehad, die Woord van God het hom na sy tuisland geroep. Halleluja! God seën 'n man. Hy het ook 'n verandering gehad. Ja, meneer.

102 Jesus, getrou aan die Vader se Woord: "Ek doen net dit wat die Vader sê. Daar staan geskrywe: 'Die mens sal nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat uit die mond van God gaan.'" Jesus, vir altyd getrou aan daardie Woord, daar het 'n tyd gekom toe Hy al Sy vriende verloor het wat Hy gehad het. Elke een van hulle het Hom in die steek gelaat en weggegaan. Almal van hulle. En die mense het gesien hoe Hy bespot word, voor gelag word, het vertroue in Hom verloor. "Hoe kon 'n man wat met 'n dooie man in 'n graf kon praat en hom opwek, hoe kon 'n man wat gebeure kon voorspel tot die merk en nooit gehad het. . . nooit faal nie, en in die hof sit met Sy gesig wat bloei van uitgeplukte baard, en die ergste dronk spoeg van die soldate wat afloop oor Sy gesig, met 'n flenter op Sy kop, en Hom op die kop

slaan met 'n stok, en sê: "Profeteer en sê vir ons wie U slaan, en ons sal glo." Wel, die dissipels het net weggeloop, gesê: "Ag."

103 Sien, hulle vergeet so gou wat God gedoen het! Hoe Moses gesê het by die Rooi See, toe hy daar gestaan en gesê het: "God het tien buitengewone wonderwerke gedoen, is julle steeds so ongelowig dat julle nie weet dat Hy steeds God is nie?" Hy het daar afgegaan en die lande getref, hy—hy het 'n vloek op die lande geplaas. Hy het paddas, vlooie, vlieë, alles, gebring, en 'n—'n vlaag wat al die eersgeborenes doodgemaak het, en die doodsengel het deur die land gegaan, en tog wou daardie mense hom nie volg by die Rooi See nie. Hoe gou, sodra jou gewildheid . . . Toe hulle hierdie groot blink spiese van 'n honderd duisend man gesien het wat so aankom, of miskien, ja, miskien 'n miljoen man wat aankom, of die brul van die waens en die stof wat vlieg, het hulle net opgegee en teruggeval: "En, Moses, ons moes daaragter gesterf het." Sien? En God het gesê Hy het hulle in die woestyn laat sterf oor ongeloof. "Moses, jou bediening is uitgewas, dis al. Jy is nie meer nie." Sien, hulle verstaan nie. Hulle begryp dit nie.

104 En nou dieselfde ding was toe Jesus, die jong Rabbi of Leraar, of Profeet van Galiléa, toe Hy al daardie wonderwerke en dinge gedoen het: "Hoe kon Hy ooit staan en uithou met so-iets? Hoe kon Hy 'n man toelaat om Hom te bind met kettings, as Hy die seël van 'n graf af kon breek en 'n dooie man uit Ewigheid uit opwek? Hoe kon Hy dit doen, wanneer Hy kon spreek met 'n uitgeteerde dooie seun en hom opwek om weer te lewe; en Lasarus, dood en verrot in die graf, en hom uitbring? Hoe kon Hy staan, sê: 'Ek is die Opstanding en Lewe, Hy wat in My glo sal lewe al het hy ook gesterwe. Wie ook al lewe en in My glo sal nooit sterf nie.' En staan en gebind word met bande en in die gesig gespoeg word, en nie Sy mond oopmaak nie"? Die dissipels: "Hy het Sy bediening verloor." Ja, dis hoe dit gaan. God, hierdie arme wêreld!

105 Selfs Sy kerk, die twaalf waarin Hy verheug was en hulle alles vertel het, en hulle liefgehad het, hulle het hulle rug op Hom gedraai. Net een het by Hom gestaan, dit was die man Johannes. Reg in 'n uur toe alles klaar was, en alle hoop verby was, daar was hy gebind, en daar na bo geneem en bespot en bespuug, en Sy rug na die . . . Nie wetend dat dit die Skrifte vervul het nie.

106 Wel, weet julle nie dat die dinge wat vandag aangaan, die Skrifte presies tot die letter vervul nie? Hoekom laat mense . . . sê hulle hierdie dinge? Hoekom raak die denominasies woedend? Hoekom doen hulle dit? Dis geskrywe in die Skrifte dat hulle dit sal doen. Hulle loop reg in dit in en doen dit self, blind en onwetend dat hulle dit doen. Dink julle Judas het geweet hy speel die rol van Judas? Dink julle Farao het geweet hy speel die rol, en God het hom opgerig vir daardie doel? Dink julle Esau sou die dinge doen wat hy gedoen het? Definitief nie. Gesê: "Hulle

het oë en kan nie sien nie, ore en kan nie hoor nie." Maar let op na die Skrif, Dit ontvou. Sien? Ons is aan die endtyd, dit moet so wees.

107 Nou, Sy kerk het Hom in die steek gelaat. Alle mense en die natuur het Hom in die steek gelaat. Praat van iemand wat in die steek gelaat is, Paulus is nie naastenby so in die steek gelaat soos Hy is nie. Selfs die einste skepping wat Hy geskep het, het Hom in die steek gelaat. Die maan en sterre en son, en alles, het uitgegaan. Die mens, God, die natuur en alles het Hom in die steek gelaat, niks wat daar staan nie, Hy het alleen gesterf. Het Hy Sy bediening verloor? Hy het Sy bediening vervul, nie verloor nie. Dit gaan daarmee saam. Dis die ding wat gebeur. Dit moet daarmee saamgaan.

108 Nou, alles het Hom in die steek gelaat. Maar dit was op hierdie tydstip dat God op die toneel gestap het, want enige mens wat die Woord ken sal by die Woord bly, wetende dat die Woord God is. Sien? En die Woord moet Homself ontvou. Die onfeilbare Woord moet Homself ontvou. Dit moet, in volgorde, want die Woord is God. En as Dit op andere gewerk het af deur die eeu, sal Dit dieselfde werk net nou, want Dis God. Moet dit nooit vergeet nie. Want Jesus het geweet dat Hy, deur die volheid van die Woord te wees, Hy nie net 'n Profeet was nie, dat Hy God Self was. Hy was die Woord. Dis die rede waarom nie net die mense Hom in die steek gelaat het nie, maar die natuur het Hom in die steek gelaat. Die hele skepping het Hom in die steek gelaat, alles, die sterre, die maan, en geen lig toe Hy gesterf het nie. Alles het Hom in die steek gelaat, sien, want Hy was Skepper van alle dinge. "Hy was in die wêreld, en die wêreld is deur Hom gemaak, en die wêreld het Hom nie geken nie." Sien? Hy was Skepper van alle dinge. Alle dinge! Nou, die enigste ding, dat ons—ons skep nie, maar ons probeer bekeer, en hulle wat ons probeer bekeer is diegene wat ons in die steek laat en wegloop. Sien? Wanneer die tyd kom vir die Woord om Sy egtheid te wys, moet dit so wees. Nou, onthou net, dit was toe dat God op die toneel gekom het.

109 En in die lewe van ons Here Jesus, die magtige werke wat Hy gedoen het vir die eerste jaar en ses maande van Sy lewe, o, hoe Hy 'n magtige man was! Daar was nooit niks soos Hy op aarde nie, was nog nooit daarna nie, sal nooit agterna wees nie. Maar wat het gebeur? Hy het meer bespotting as enige gekry, al die res van hulle saam. Bespot deur die natuur en bespot deur die skepping, bespot deur alles, omdat dit in 'n verdraaide toestand was. Dis die rede dat die mense se harte die ware dienaar van God bespot het, omdat dit verdraai is. Die natuur is verdraai, dis die rede.

110 As die natuur so mooi was soos wat dit is, verdraaid, wat sal dit wees as dit bekeer word terug na die wil van God? As 'n land kan druiwe dra wat twee mans neem om hulle op hulle rug te dra, wat sal dit wees, en daardie 'n verdraaide land, wat sal

dit wees as dit bekeer is, terug na God? Christus kom, sal die woestyn bloei soos 'n roos. Dit sal 'n bekering wees. En die droë plekke sal opspring van die water, en die aarde sal blom en bloei. O, dit sal 'n tyd wees, en wanneer mense se harte bekeer sal word in goddelike mense, dis om hulle keuse nou te maak, in daardie plek sal woon. Amen.

111 "In daardie donker uur, te midde van skeurende rotse en verdonkerende lug," het die digter gesê: "het my Verlosser Sy kop laat sak en gesterf; die oop sluier het die weg geopenbaar na Hemelse vreugdes en eindelose dae." Hy moes dit doen om in staat te wees om vir ons 'n weg te maak. Dis reg. Maar wat het God gedoen? Hy was getrou aan die Woord en Hy het die kruis omhels. Maar was dit die einde van Sy bediening? Was Sy bediening uitgewas? God het dit gekroon met die wonderlikste kroon wat ooit gekroon kon word. Hy het dit gekroon op Paasoggend, op die opstanding. Hy het die bediening van ons Here Jesus gekroon, Hy het uit die dood opgestaan en lewe vir ewig. Hy was nie uitgewas omdat alle mense Hom in die steek gelaat het nie, Hy was gekroon! Ja, meneer. Ja, meneer. Hy was gekroon omdat Hy was, in die steek gelaat was, en Hy moet dit doen toe Hy Hom uit die dood opgerig het.

112 Dieselfde was met Elía. Ons het van hom gepraat 'n paar oomblikke gelede. Elía, daardie arme ou gebroke profeet wat daarbuite in die wildernis gelê het, en moes gevoed word met wat die voëls vir hom sou bring. En sy klein ou maer opgetrekte, bruingekleurde liggaampie, kruikie olie wat langs sy sy hang, sy wangbaarde wat uitstaan, en kop waarskynlik kaal en songebrand, wat voortkreupel met 'n stok soos *hierdie*, maar onder onder daardie ou hartjie het die Gees van God geklop. Toe God Sy moeë ou dienaartjie sien afkom na die einde, almal wat hom verlaat, en alles anders, het Hy hom verlaat? Hy het 'n vuurwa afgestuur, Sy moeë dienaar opgetel: "Jy hoef nie eens op te loop soos Henog het nie, Ek sal jou net huis toe neem in 'n vuurwa." Dis reg. Hy het sy bediening bekroon met 'n vuurwa-rit huis toe. Dis nie so sleg nie, julle weet. Ja. Ja, hy hoef nie huis toe te geloop het nie, Hy het net vir hom 'n vuurwa gestuur en hom opgelaai, want hy was moeg. Ek hou daarvan. Amen. Arme, klein, ou moeë dienaartjie, Hy het hom opgetel en hom Huis toe geneem.

113 En net die tyd dat Daniël so getrou gestaan het aan God, dat hy ingegaan het . . . Hulle het gesê: "Daardie man, julle weet, hy was eenkeer 'n groot kêrel hier in hierdie koninkryk. Hy het alle soorte dinge vertel. En hy het die towenaars ingebring, hy het hulle dinge geleer." En die Mede-Perse en hoe hy gemaak het. Maar onder die regering van Darius, was dit Daniël wat getrou gebly het aan God. Dit was Daniël wat gebly het by die Woord van God, en nie sou meng met enigiets anders nie. En hy het gesê: "Wel, sy bediening is uitgewas, want ek het dit gesien in

die plaaslike koerant, hy gaan in die leeukuil gegooi word binne 'n paar dae." Gaan na die Federale tronk, of so-iets, julle sien. "Maar, ons gaan hom in die leeukuil gooi." Maar wat het God gedoen? God het Sy bediening geseël met die verandering van die koning se hart, dat Darius gestuur het na elke taal, volk oor die wêreld, dat elke mens moet vrees voor die God van Daniël, want Hy was 'n God wat kon verlos. Amen.

114 So, julle sien, dis op die tyd wanneer mense die mens verlaat, God se dienaars wat getrou bly aan die Woord van God, dat God hulle bediening seël met 'n kroningstyd.

115 Ja, dit was die Hebreeuse kinders onder die heerskappy van Nebukadnésar, toe hulle nie wou buig voor die beeld nie. Hulle het getrou gebly aan God, omdat God se Woord gesê het: "Moenie voor enige beeld buig, om dit te aanbid nie." Hulle het getrou gebly aan die Woord. En dit was in die plaaslike koerant, in die nuus, alles daaromtrent, wat dit ook al in daardie dae was. Hulle het maniere gehad om nuus te versprei. Nie in die plaaslike koerant nie, natuurlik nie, net om dit te sê sodat julle 'n idee kan hê. Maar dit was daarin dat hulle hulle sou verbrand in die sewe keer warmer vuuroond. Want dae tevore, het hulle al die materiaal ingegooi om die vuuroond so warm te kry, dat dit sewe keer warmer was, sewe keer oorverhit. Wel, dit sou hulle verteer het om binne 'n honderd jaarts daarvan te kom. Maar hulle het reg in die vuuroond ingegaan, en reguit uitgekom sonder eens die reuk van die vuur op hulle. En Nebukadnésar het gesê: "Elke mens wat nie hierdie God aanbid nie, laat sy kinders en hy doodgemaak word, sy huis verbrand en 'n mishoop gemaak word." Dis reg. Sien? Hy. . .Hulle het 'n wêreldwye herlewing gehad omdat hulle getrou was aan die Woord. Dis wat gebeur het. Ja, meneer. Bly getrou aan die Woord, ja, en dit kom altyd wonderlik uit.

116 Jakob, ons het hom 'n tyd gelede genoem. Ek het sy naam hieronder neergeskryf. Hier was hy, 'n klein lafaard, maar hy het gebly. Hy was bang vir Esau daar oorkant. Goeiste, goeiste! En hy het geweet hy was weg van God. Was weg van God al hierdie jare, maar hy het altyd getrou probeer bly aan daardie Woord. En hier het God hom geroep en hom gesê om na sy huis toe te gaan. Hier was hy reg in die lyn van plig, en daar was Esau met 'n leër. Dit was op daardie tyd dat hy verander was van die naam van *Jakob*: "onderkruiper, huigelaar," na Jakob. . . "'n prins voor God," toe hy uitgestap het die volgende oggend, met sy bekroonde bediening. Reguit uitgeloop en Esau ontmoet, en geen hulp van hom aanvaar nie. Amen. Getrou aan die Woord. Dis hoe God dinge doen, is dit nie? Hy—Hy doen dinge op Sy Eie manier. Goed.

117 Baie van my broers, hulle het groot gewildheid vandag onder hulle denominasionele broers. Jy sê net een naam, man, en dis net soos vuur, oral, dis reg, jy sê hierdie sekere naam van

hierdie persoon. En, in elk geval, toe die Here met my gepraat het onder op die rivier daardie dag, het dit daardie herlewing om die wêreld gelei, van daar af het elkeen van daardie groot evangeliste gekom.

118 Hulle het reguit teruggegaan saam met hulle broers, sien, daardie denominasies waaruit hulle uitgekom het. Hulle kom hier en hou hierdie diens, saam met die denominasies, en gaan reguit terug in hulle in. Hulle het baie guns, groot name op die radio, koerante, en alles. Almal praat goed van hulle.

119 Maar alle mense het my verlaat omdat ek 'n ware Woord geneem het, en by die Woord gestaan het. Ek het reg hier gebly by wat Hy vir my gesê het, die Woord gepreek, nie 'n denominasionele filosofie nie. "Preek die Woord," dit was my opdrag: "bly by die Woord." En, broers, wat hierna luister op band, ek was 'n groot kêrel toe ek onder julle gekom het, net die siekes genees het, van visioene vertel het, en dinge gewys het. Maar toe ek vir julle die Waarheid omtrent die Woord begin vertel het, waarom het julle julle rug op my gedraai? Besef julle dit vervul net wat die Skrif gesê het? Ja, dit is so. Nou kan ek kwalik in 'n plek inkom.

120 Brief kom die heeltyd. Een het nou die dag gekom, gesê: "Broer Branham, ek het die grootste vertroue in jou gehad, maar ek het gehoor jy het gesê dat 'n sekere denominasie waaraan ek behoort, aan die terugval was." Gesê: "Ek het nou glad geen vertroue meer in jou, van nou af aan nie." Gesê: "Daar was omtrent vyf-en-twintig van die broers van my denominasie wat in een van jou dienste gesit het," gesê: "ons het net reg op gestaan-staan en weggegaan toe jy dit gesê het."

121 Wel, alle mense het my verlaat, maar daar's een ding, Hy het by my gestaan! . . . ? . . . Ek's nie, ek was nie ongehoorsaam aan die Hemelse visioen wat daaronder op die rivier gebeur het nie. Ek het getrou gebly daaraan. Hy was getrou aan my. Ek vertrou in Hom, eendag, ek weet nie wanneer nie, vir 'n bekroning van my bediening. Ek sal net so getrou bly as wat ek kan wees. Ek weet nie wat dit sal wees nie, ek weet nie wanneer dit sal wees nie. En ek . . . Maar wanneer Hy gereed is, is ek. Nou kyk hier. Ek hoop Hy kroon my bediening hiermee, om my die materiale van die Woord te laat neem, en Sy Bruid in die materiaal van die Woord te klee, en vir Sy geregtigheid. Ek hoop Hy sal my bekroon en my daar laat staan daardie dag, en sê: "Aanskou die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem."

122 Daar is soveel heuwels om op te klim, die inspanning, partymaal word dit moeilik; maar die Een wat die pad aanwys, weet net wat die beste is. Hy weet wat die beste is. "Die geswoeg van die pad sal lyk na niks, wanneer ons by die end van die pad kom." Laat ons soek na daardie bloederige voetspoor. Onthou net, vriende: "Die sand is gewas in die voetspoor, van daardie

Vreemdeling op Galiléa se oewer; en daardie stem wat die woeste storms kalmeer het, sal nie meer in Judéa gehoor word nie. Maar die pad van daardie eensame Galileër, sal ek so graag vandag wil volg; en die geswoeg van die pad sal na niks lyk, wanneer ons by die end van die pad kom nie."

123 In hierdie eerste deel van die Skrif wat ek gelees het, Hy vir my gegee het, was ek 'n jongman, net 'n seun, daarbuite gestaan, skouers regop, bors uitgesteek, bos golwende swart hare. En nou staan ek krom skouer, kaalkop, grys, 'n ou man van drie-en-vyftig jaar oud. Maar Hy's soeter soos die dae verbygaan. En ek het nie nagelaat om die hele Evangelie van Jesus Christus aan julle te verklaar nie. En my hartsbegeerte is om die Kerk te ontmoet waarvoor Hy gesterf het, beklee in die geregtigheid van Sy Eie Bloed, geklee in Sy Woord en die geregtigheid van Sy Woord, want Sy Woord kan nooit faal nie. En daarom, weet ek as ek sal staan by die Woord en getrou sal wees aan die Woord, en as die Woord in my bly en ek in Hom, sal ek daardie dag bly wees dat ek getrou gebly het.

124 Ek weet nie wat die toekoms inhou nie, maar julle sien waar ons is, nie waar nie? Julle sien hoekom almal sê, selfs party van my eie kollegas, gesê: "Wel, Broer Branham is heeltemal uitgewas." Sien? Ja. "Heeltemal uitgewas." Sien? "Ag, ons hoor nie meer van veel wat gedoen word nie." Sien? Wel, ons. . . Hulle verstaan net nie, dis al, verstaan dit net nie. Sien?

125 Ek dink die grootste ding wat Paulus wou gehad het, toe hy gesê het: "My tyd is nou verby," die grootste begeerte van Paulus se hart was om 'n martelaar te wees. Dit was die begeerte van al hulle harte in daardie dae. As hulle. . . Het julle ooit die *Fox se Boek van die Martelare* gelees en ook *Die Niceense Raad* gelees? Die grootste eer wat kon wees, toe verskillendes (en Polycarp en hulle) in die leeukuil ingestap het, het hulle uitgeroep van vreugde. Daar ingestap en geweet dat hulle 'n martelaar gaan wees. Toe hulle verbrand is aan die brandstapel, het hulle uitgeroep met vreugde, vir die eer om 'n martelaar te wees. Toe Paulus afgestap het na daardie kapblok, om sy kop afgekap te laat word, gelei is uit daardie tronk, 'n klein ou vuil plekkie daaronder, 'n gat in die muur, waar hulle hom gehad het. Ek het daar afgeloop, daarna gekyk. Klein ou stroompie daaragter waar hulle sy liggaam daar ingeslinger het. En wil hom nou 'n heilige of iets anders maak. Dieselfde groep mense! Daar het hy soontoe geloop. Hy het gesê: "O, dood, waar is jou angel? Graf, waar is jou oorwinning? Maar dank God Wie ons die oorwinning deur die Here Jesus Christus gegee het. Ek het die goeie stryd gestry. Ek het die wedloop voleindig. Ek het die Geloof behou. Daar's 'n kroon wat vir my wag, en nie net vir my nie, maar almal van hulle wat Sy verskyning liefhet."

126 Ons het nou afgekom na die 6de vers, na die 18de. Ek weet nie wat dit vir my sal wees nie, maar ek haal net aan wat dit gelees

het vir andere. En ek gaan getrou bly wees aan die Woord totdat Hy klaar is. Dis waar die bediening vandag is. Ek is nie uitgewas nie. Ek hoop ek is net ingewas na die Koning. Dis reg. Laat ons ons hoofde nou buig terwyl ons bid . . . ? . . .

127 Daar's 'n toutjie wat afhang van die Troon vanaand, dit word die Lewenslyn genoem. Terwyl ek bid, hoop ek dit sleep verby elke onbekeerde persoon hierbinne. Sal jy nie opreik en dit vasgryp nie, sondaarvriend? Jy sê: "Broer Branham, jy het gesê jy word oud, en ek reken dis waarom jy . . . " Nee, broer, suster. Toe ek net 'n klein seuntjie was, het ek Dit geglo. Ek het my lewe Daarvoor gegee. En daar's net een ding waaroor ek spyt is, ek het maar net een lewe om te gee. As ek tienduisend lewens gehad het, sou ek hulle almal Daarvoor wou gee, aan Hom.

128 Sal jy nie die Lyn vasgryp wanneer dit verbykom by jou vanaand nie? Jy sê: "Broer Branham, ek is nie werd om Dit vas te gryp nie." Ek weet jy is nie, kind. Maar gaan doen jy iets wat waardig is, en sê my wat jy gedoen het, ek wil dit ook doen. Daar is nie 'n ding wat jy kan doen om waardig te word nie. Jy is onwaardig gebore. Daar's net een ding wat jy kan doen, gryp net die weg vas wat vir jou gemaak is. Jy verdrink, moenie daarin verdrink nie. God het die Lewenslyn uitgegooi, laat ons—laat ons uitreik en dit vanaand kry.

129 Ons Hemelse Vader, ek onthou net hier by hierdie lessenaar, hierdie selfde plek waarvan ek gepraat het daardie oggend, dat toe ek die kerk toegewy het net op hierdie grond hier. En daardie hoeksteen lê daar, wat steeds 'n bladsy uit die Bybel bevat wat ek dit geskryf het. Ek het gesê: "Here Jesus, met U genade sal ek getrou by aan die Woord." En nou het ek gesien dit het voortgebring net presies wat dit het in ander tye. En hier is ek in hierdie Tabernakel vanaand, na die deurreis van die wêreld, weer terug, en die hoeksteentjie lê steeds daar en die papier is daarin. Deursoek my, Here. Ek het—ek het baie foute gemaak. Ek—ek het verkeerd gedoen, Here. Baiekeer het ek U gefaal. Soos ek so pas getuig het, 'n rukkie gelede, oor 'n mislukking. God, ek—ek, gou as wat ek dit doen, wil ek—ek—ek vergifnis hê. In my hart het ek U lief. En ek—ek weet U het my onlangs gewys van daardie plek waarnatoe ons gaan. En ek weet nou nie wanneer U klaar is met my nie, Here. Ek—ek's hier vanaand, deur U genade, en ek—ek weet nie wanneer U klaar is nie, maar ek weet hierdie moet hierby kom. Maar wanneer dit daardie tyd aanbreek, wil ek—ek nie 'n lafaard wees nie. Ek wil staan soos die res van hulle gestaan het. Maar, God, as—as—as ek my eie getuienis met my eie lewe moet verseël, of wat dit ook al is wat gedoen moet word, Here, bekroon dit dan. Moet my nie bekroon nie; bekroon die bediening wat ek gepreek het, Here, dis U Woord. En ek weet daardie Woord is meer as in staat om my weer op te rig by die opstanding. En ek is nie skaam vir die Woord wat ek gepreek het nie, want Dis die krag van God tot redding vir soveel as wat glo.

130 Ek dank U vir die kerkie wat steeds vandag staan. Toe ek daardie stand geneem het vir die Woord, het die profete geprofeteer, en gesê: "Binne ses maande sal dit in 'n motorhawe verander word." Dertig jaar het verbygegaan, sy's meer aan die brand vandag as wat dit in jare was. "Op hierdie rots sal Ek My Kerk bou." Ons dank U vir ons pastoor. Ons dank U vir die diakens, die trustees. Ons het almal 'n rolletjie om te speel, Here, en ons wil dit getrou speel, ons wil dit reg speel.

131 Daar mag sommige hierbinne wees wat wil aansluit by ons vanaand, Here. En die manier om daarby aan te sluit, is net om hierdie klein Lewenslyntjie vas te gryp en daaraan te trek, Dit om hulle pols te draai, Dit om hulle hart te draai, en te sê: "Nou, Here, trek, lig my op," en hulle sal uitkom en skyn soos goud. Skenk dit, Here. Ons soek na daardie tyd.

132 Ons glo dat dit naby die einde is. Ons sien dat soos ons nou hier onderrig het, die Laodicése kerkeeu nou aan is. Ons sien dat daar niks anders kan gebeur, behalwe die Koms van die Here nie. En, Here, sou dit nie 'n groot kroon vir die Woord wees nie, om die Kroon Self te sien kom nie? Ek sou graag hier wou staan, en sê: "Daar is Hy, dit is die Lam." Soos Johannes het. "Aanskou die Lam waarop ons gewag het, dit is Hy." Die Here sal vinnig na Sy tempel kom, Sy mense in die Wegraping wegneem.

133 Maak ons gereed, Vader. Was ons harte in U Bloed. Maak ons rein en skoon, dat U Woord in ons mag woon. En mag ons onthou, dat ons moet optree op die Woord, sodat Dit 'n houvas kan kry en effektief kan wees. Skenk elke sondaar vergifnis. Seën elkeen wat hierbinne is. Die heiliges, daardie, party van hierdie ou kosbare stryders, Here, wat in die linie gestry het vir jare, bespot, van gepraat en verneder. Hulle gaan steeds aan omdat hulle Lewe het. Hulle weet Wie hulle geglo het en oortuig Hy's in staat om te doen dit wat hulle aan Hom toevertrou het. Ons dank U daarvoor. Bid dat U die siekes sal genees wat in ons midde is. Neem al ons sondes en siektes weg. En, Vader God, kry glorie vir Uself.

134 Ek het soveel kosbare vriende, Here. Ek—ek het hulle lief, en ek weet ander mense het ook af deur die eeu. Kosbare vriende, liefhebbende vriende, jonk en oud, en ons het hulle lief met ons hele hart. Nou maak ons getrou, Here, net getrou aan die Woord, dat ons hulle mag ontmoet in 'n beter land eendag waar daar geen droefheid of verdriet sal wees nie. Ons sien uit na die Koms van die Here, binnekort. Ons glo dat Hy sal kom.

135 Nou seën die ongelowige hier vanaand, Here, en mag hy 'n gelowige word, en U aanvaar as sy Verlosser vanaand.

136 En terwyl ons ons hoofde gebuig het, as daar iemand hier sou wees met jou hoof gebuig, sou sê: "Broer Branham, ver onder diep in my hart, wil ek—ek by die einde van die pad kom, 'n goeie stryd stry. Ek wil 'n Christen wees. Ek gaan my hand opsteek."

God seën jou, en God seën jou. Dis goed. God seën jou, jou. "Ek wil by die einde van my pad kom, met 'n goeie stryd agter my. Ek aanvaar Christus net nou. Ek wil hê Hy moet my Helper wees." Goed, die Here seën jou. God seën jou, dame aan die agterkant. Dis goed. Hy—Hy ken jou. Ek het genoeg van Hom geleer in al hierdie jare, omtrent twee-en-dertig jaar nou agter die preekstoel, ek het nou genoeg van Hom geleer om te weet dat Hy elke beweging ken wat jy maak. Hy sien die mossie. Die hare op jou hoof is getel. Sien, Hy weet alles daarvan. Jy steek net jou hand op, en bedoel dit, dis al wat jy hoef te doen. En daar's water gereed.

137 Onthou, wat doen jy? Jy bekeer, glo aan die Evangelie, en word dan gedoop. Waarvoor—voor? In die Naam van Jesus Christus, vir die vergifnis van jou sondes. Dis jou getuienis, dat jy is. Jou sondes is weg wanneer jy gedoop word; jy't hulle bely, en jy glo. Sal jy nie die Lewenslyn nou vang soos dit oor jou hart getrek word nie, en sê: "Kom hiernatoe, pelgrim. Reis saam met My, neem My kruis op jou. Leer van My, Ek is sagmoedig en nederig van hart, en My laste is lig." Reik net uit en gryp Dit vas.

138 Hoeveel Christene is in die Weg vanaand, hierbinne, wat bly is dat julle 'n lang tyd gelede begin het? Klaar julle begin gemaak, en ver af in die pad, steeds aan die afkom na die einde. Ek bid dat God julle bediening sal bekroon, wat dit ook al is. Dit mag 'n huisvrou wees. Ek bid dat God julle bediening sal bekroon. Dit mag 'n prediker wees. Dit mag 'n diaken wees. Dit mag 'n lekelid wees. Dit mag 'n boer wees. Ek weet nie wat dit is nie. Wat dit ook al is, mag God jou lewe bekroon met die heerlikheid van Sy Woord, en Sy Tweede Koms jou wegraap en jou wegneem na 'n ander Land, waar jy net sal voel soos daardie klein vissie waarvan ek gepraat het, uit daardie duisternis daaronder. Sien, jy kan nie opgaan Daarnatoe met hierdie soort van 'n liggaam nie. Jy kan ook nie opgaan soos hierdie ruimtevaarders nie, sien, jy moet in 'n druktenk wees. Jy is nie drukvas gemaak daarvoor nie. Maar wanneer God jou verander, dan is jy drukvas gemaak, jy gaan dan in die Wegraping. Wanneer hierdie ou aardse sintuie verloor is, en jy aangegaan het in daardie heerlike weg van die kruis, Huis toe gaan saam met Jesus.

139 Nou, Vader God, ons dank U vir hierdie hande wat opgekom het om Christene te wees. Ek weet dat hulle dit bedoel het in hulle harte. Ek bid vir hulle, dat hulle nie enige tyd sal faal nie. En as hulle wel faal, mag hulle vinnig daardie advokaat by die Vader hê. Wat ek geleer het om so 'n groot ding te wees, Vader, dat wanneer ek al my foute maak, dan vind ek dat ek 'n advokaat het (sommer gou) by die Vader, deur Jesus Christus. En ek word weer in genade ingebring. Die liefdevolle hand van die Here vee weg, daar's 'n bloederige Offer wat daar lê, wat ek bely om my Verlosser te wees.

140 Almal wat siek en behoeftig is, ek bid dat U hulle behoeftes sal voorsien en al die siektes sal genees, Here. En diegene wat nou hier sit onder die heerlike salwing van die Heilige Gees, soos ons Dit so soet oor ons siele voel stort.

141 Vader God, U weet waaraan ek gedink het toe ek nou die dag van Kanada af gekom het. Ek het gedink: "O, hoe ek daarvan sou hou om weer in 'n outydse herlewing te kom, die—die heiliges van God sien sing en die krag van God wat val." O, hoe my hart daarna verlang, Here. Mag daar so 'n herlewing in hierdie tabernakel uitbreek, o, dat die krag van God net sal—sal afstort in strome van genade, in elke hart sal ingaan.

142 Ek dank U vir hierdie plekkie, Here. Ons was nie in staat om dit so te hou nie, dit was U genade wat dit geestelik gehou het. En nou glo ek, Here, die geestelikste plekkie in die volk, waarvan ek weet, is net hier by Agtste-en Pennstraat. Hoe ek U dank hiervoor, Here! Gaan in die kerke in en sien hulle koud en onverskillig, en die vroue so vrypostig, hulle kan nie eens bloos nie, en nie 'n "amen" of 'n traan op die wang, of niks nie, en geen verlossing nie, net niks behalwe aansluit by die kerk en hulle geloofsbelydenis opsê. En, O God, dan in 'n soet klein warm plekkie inkom waar die vure gebou is op elke altaar van die hart. Wat 'n troos is dit, Vader! Wat 'n troos! Dank U, Vader, en mag dit altyd bly tot die Koms van die Here Jesus. Seën ons nou saam.

143 En môre is die Sabbat. En, Here, help my in die oggend, as dit my lot is om daardie *Aftelling* te preek. God, mag ek in staat wees om dit op so 'n manier te bring dat die mense dit sal sien, Here. En mag hulle nou die toestand van die bediening sien, en waar dit is, en waarvoor ons wag, en hoekom alles so voortgaan soos dit is. Mag hulle van die 5de vers af lees nou, en dan die plek besef waar ons staan.

144 En nou, Vader, bid ek dat U ons sal seën en ons goeie rus vir ons liggame sal gee, en ons môre terugbring. Seën al hierdie mense wat om die mure staan, en leun van een voet na 'n ander. Vroue, mans wat daarbuite in die reën staan, en om die vensters, en in hulle motors sit, en orals op-en-af. Ek bid dat U hulle sal seën, Here. Mag hulle huis toe gaan met die genade van God in hulle hart. Ek bid in Jesus se Naam. Amen.

145 Verstaan julle nou? Lees vanaf, eerste, II Timothéüs 2:4, II Timothéüs 4, van die 5de vers af ondertoe, voor julle bed toe gaan vanaand, as julle kan, en julle sal sien waar ons is. Hoekom het daardie mense hom verlaat? Hoekom het hulle nie gekom nie? En vergelyk nou net daardie bediening met waardeur ons vandag gaan. Vergelyk die leer van Sint Paulus. Onthou in die klein Hemelse dingetjie wat ek gesien het, het ek gesê: "Wel, sal Paulus moet staan saam met sy mense?"

Hulle het gesê: "Ja."

146 Ek het gesê: "Ek het dieselfde Woord gepreek wat hy het, net presies gebly by dieselfde Evangelie."

147 En miljoene het hulle hande opgegooi en gesê: "Ons rus Daarop."

148 Die Here seën julle. Het julle Hom lief? "Tot ons ontmoet! Tot ons ontmoet! Tot ons ontmoet!"

Huidige Stadium Van My Bediening AFR62-0908
(Present Stage Of My Ministry)

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik in Engels gelewer op Saterdagaand, 8 September 1962, by die Branham Tabernakel, in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., was oorspronklik van die magnetiese bandopname afgeneem en onverkort deur Voice of God Recordings gedruk. Hierdie Afrikaanse vertaling was gedruk in 2005 deur:

AFRIKAANS

©2014 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org